# HOOFSTUK 1.

## KOSHUISE TYDENS DIE Z.A.R.-TYDPERK TOT 1899.

### 1. Aanvoorwerk vir die oprigting van koshuise (tot 1881).

#### a. Algemene onderwystoestande in Transvaal voor 1872.

Gedurende die eerste jare van die pionierslewe in Transvaal was daar van ge-organiseerde onderwys min sprake. Daar was egter twee sake wat vir die Trekker van baie groot belang was en dit was sy godsdiens en die opvoeding van sy kinders.[1] Hoewel daar dus gedurig 'n stryd om die bestaan gevoer moes word, is die gedagte aan die voorbereiding vir 'n hiernamaalse lewe nooit prysgegee nie. Die verstandelik-geestelike vorming van die kind is van kleinsaf daarop toegespits dat hy eendag sy geloofsbelydenis sou kon aflê, bewus synde van wat hy doen.[2]

'n Voorvereiste tot aanneming as lidmaat van die kerk was dat so 'n persoon nie ongeletterd mag wees nie.[3] Elke ouer het gevolglik, by gebrek aan fasiliteite, opgetree as opvoeder sowel as onderwyser. Wanneer enigsins moontlik, en verkrybaar, het die Trekkers steeds hulle onderwysers by hulle gehad.[4] Hierdie onderwysers was egter gering in getal en pogings om die toestand te verbeter was byna deurgaans 'n mislukking, aangesien die kerk in Kaapland onderwysers ontmoedig het om hulle lot by die Trekkers in te werp.[5]

Private inisiatief het vir baie jare die enigste resultate gelewer, en dikwels moes daar van die dienste van persone gebruik gemaak word wat maar swak, of beter gesê, geen onderwysers was nie.[6] Die ouers het egter geen keuse gehad nie, aangesien hulle baie ver

1) Lugtenburg, Gesk. van die Ond. in die S.A.R., 10 en 11.
2) Coetzee, Ond. in Transvaal, 1838 - 1937, 13.
3) Bot, Honderd jaar Ond. in Tvl, 1836 - 1936 , 10.
4) Lugtenburg, Gesk. van die Ond. in die S.A.R., 19.
5) Preller, Voortrekkermense 1, 135.
6) Gedenkboek V.V.O.O.Z.A., 66.

uitmekaar gewoon het, en daar dikwels maar 'n paar klein kindertjies in die omgewing was. Gevolglik was daar geen sprake van die oprigting van 'n groot skool, met of sonder verblyf, en die indiensneming van 'n behoorlik-gekwalifiseerde persoon om die onderwys te behartig nie. As die kinders net maar tot lidmate opgelei kon word, dan was daar in die vernaamste behoefte voorsien.

Reeds in die beginjare het die kerk die inisiatief geneem in onderwyssake. Die drie onderwysers H. van der Linden, J. Spruyt en W. Poen wat in 1851 uit Nederland hierheen gekom het en onderskeidelik in Potchefstroom, Rustenburg en Lydenburg[1] met skole van meer permanente aard begin het, het onder die kerkrade geressorteer, hoewel eersgenoemde twee onderwysers aan staatskontrole voorkeur gegee het. Na die aanname van die Van der Linden-reglement - die eerste poging tot 'n onderwyswet - is daar oorgeskakel na staatsonderwys.[2] Dit het dan ook die basis gevorm vir alle verdere onderwyswetgewing.

Die koms van ds. Dirk van der Hoff na Potchefstroom in 1853 was van groot betekenis vir die onderwys. Voortbouende op die Van der Linden-reglement het hy 'n nuwe reglement ontwerp wat in 1853 deur die Volksraad aanvaar is. Ook is hy by die geleentheid benoem tot „Binnen- en Buitelansche Correspondent voor Kerk en Schoolzaken."[3] Daar het egter kleinlike twiste tussen die onderwysers ontstaan, 'n posisie wat stremmend ingewerk het op die algemene groei van die onderwys. As ons hierby verder in aanmerking neem dat die verdeeldheid in die Republiek steeds besig

---

1) Lugtenburg, Gesk. van die Ond. in die S.A.R. 1836 - 1900, 39.
2) Ibid, 42.
3) Coetzee, Gesk. van Ond. in Tvl., 1836-1936, 20.

was om toe te neem,[1] is dit te begrype dat alles in 1857 omtrent tot stilstand gekom het.

In 1858 het die „Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek" van krag geword.[2] Die verandering in die onderwysbeleid as gevolg van die grondwet was verreikend. Tot dusver was daar geen sprake van 'n onderwysstelsel nie, en selfs met die onderwys in Potchefstroom, Rustenburg, Pretoria, Zoutpansberg en Lydenburg was die toestande alles behalwe rooskleurig.[3]

In die nuwe grondwet is daar voorsiening gemaak vir die benoeming van skoolkommissies. Die skoolkommissie van Potchefstroom, waarop selfs die Staatspresident sitting gehad het, het in 1859 'n nuwe skoolreglement ingedien,[4] waarin bepaal word dat die goewerment nou definitief die inisiatief van onderwyssake op hom sal neem.[5]

Ook in ander dorpe het skoolkommissies ontstaan, sodat die benoeming van 'n „Algemene Commissie vir Onderwijs in Transvaal" met toesig oor onderwys in die hele Republiek deur die Volksraad goedgekeur is. Hierdie Algemene Kommissie, wie se pligte meer breedvoerig in die Onderwyswet van 1866 uiteengesit is, moes noodgedwonge meebring dat die status van die Potchefstroomse kommissie verlaag is.[6] Potchefstroom het dan ook verder op die agtergrond begin raak omdat Pretoria as regeringsetelplek meer aandag en belangstelling begin geniet het.[7]

In 1868 word die lede van die Algemene Kommissie egter ook van hulle pligte onthef, en sou hulle pligte

---

1) Lugtenburg, Gesk. van Ond. in die S.A.R. 1836-1900, 52.
2) Coetzee, Gesk. van Ond. in Tvl., 1836-1936, 21 - 22.
3) Lugtenburg, Gesk. van Ond. in die S.A.R., 61.
4) Coetzee, Gesk. van Ond. in Tvl., 1836-1936, 24.
5) Lugtenburg, Gesk. van Ond. in die S.A.R., 62.
6) Ibid, 73.
7) Ibid, 72.

in die toekoms deur die Uitvoerende Raad self behartig word. Hulle het hulle hande egter so vol gehad dat aan onderwyssake 'n minimum aandag bestee is.[1] Die omvang van die onderwys in die Z.A.R. het maar baie stadig uitgebrei. So vind ons dat daar in die begroting vir 1868 - 1869 voorsiening gemaak word vir elf goewerments- en twaalf distriksonderwysers. Die uitgawe hieraan verbonde was £1750 of 6% van die totale begroting, wat 'n gemiddelde uitgawe van £3 - 10 - 5d per kind vir 486 leerlinge in die offisiële staatskole bedra het.[2] Nogtans het plaaslike kommissies die onderwys in hulle onderskeie dorpe so goed moontlik behartig.[3]

Onderwys- sowel as algemene landstoestande was dus nie baie gunstig toe Pretorius in 1871 as president bedank het nie.

b. Onderwys onder president Burgers, 1872 - 1877; aanbevelings van die „Pretorian Committee."

Op 1 Julie 1872 het president T. F. Burgers die ampseed afgelê. Soos reeds gemeld, was landstoestande, en in die besonder onderwystoestande, min of meer chaoties. Met al die drukke werksaamhede was dit egter vir die President onmoontlik om onmiddellike aandag aan onderwyssake te skenk. 'n Week voordat die volksraadsitting op 24 Februarie 1873 'n aanvang sou neem, is 'n komitee, „the Pretorian Committee," benoem, bestaande uit die here W. Skinner, P. J. Marais, H. W. Struben, J. Rhind M.D., en James Buchanan om 'n skema vir onderwys in die Z.A.R. saam te stel.[4]

In hierdie rapport, wat op 30 Maart voorgelê is, vind ons die eerste definitiewe aanbevelings vir die

1) Coetzee, Gesk. van die Ond. in Tvl., 1836-1936, 33-35.
2) Lugtenburg, Gesk. van die Ond. in die S.A.R., 84.
3) Bot, Die Ontw. van Ond. in Tvl., 1836-1951, 6.
4) Report of the Pretorian Committee appointed 18th Feb. 1873, to prepare a Scheme of Education for the South African Republic.

oprigting van koshuise. Die volgende word onder meer daarin vervat:

(a) Aan behoeftige, begaafde leerlinge moes beurse verskaf word sodat hulle eers na die dorpskool en later na die hoërskool kon gaan. Die bedrag hiervoor sou £100 per jaar wees; dit sou destyds seker voldoende gewees het om skool- sowel as losiesgelde te dek.

(b) Vir die hoërskool in Pretoria moes vereers twee geboue opgerig word, een wat bestaan uit 'n saal met een of twee klaskamers, 'n onderwyserswoning en losiesplek vir 12 seuns. 'n Tweede moes aan soortgelyke eise voldoen, maar met losiesplek vir 10 dogters.

(c) In Potchefstroom moes daar op 'n dergelike wyse voorsiening gemaak word in die dringende behoefte.

Die Burgerswet (Wet No. 4 van 1874) het die sentrale gesag in die hande van een man, die Superintendent van Onderwys, geplaas.[1] Hy sou dan regstreeks aan die regering verantwoordelik wees. Plaaslike gekose liggame onder voorsitterskap van die landdros of veldkornet moes die onderwys in die distrikte behartig. As gevolg van die wrywing wat daar later ontstaan het tussen die Volksraad en die President oor sy liberale standpunt ten opsigte van die godsdiens, het die wet nooit volledig in werking getree nie.

Die hoërskool in Pretoria (die Gimnasium) is in 1876 geopen met drie klein seuntjies[2] wat net die elementêrste onderwys ontvang het. Met 'n moderne Hollandse personeel en met die buitengewone hoë skoolgelde word die nut van so 'n inrigting se bestaan selfs deur die kommissielede, wat vir die skool benoem is, in twyfel getrek. Dat daar egter 'n groot aanvraag

1) Bot, Die Ontw. van Ond. in Tvl., 1836 - 1951, 7.
2) Lugtenburg, Gesk. van die Ond. in die S.A.R., 109.

vir onderwys was, word bewys deur die sukses van die „Academy," die Loreto Huisskool en Prospect Seminarie, almal Engels-geörïënteerde inrigtings.[1]

Gedurende hierdie periode was huisonderwys meer in swang as ooit te vore. 'n Salaris van £8.per maand plus vry inwoning vir privaat onderwysers het gunstig vergelyk met dié van assistente in die staatskole.[2] Aan die einde van die Burgers-tydperk was daar dan nog slegs 15 staatskole met 442 leerlinge - volgens skatting agt persent van die totale aantal kinders van skoolgaande ouderdom,[3] en van kosinrigtings nog geen sprake nie. As ons op hierdie stadium 'n vergelyking sou tref tussen die getalle skoliere in die verskillende provinsies - Kolonie 20,000, waarvan 235 in die matriekklasse en daarbo was, Oranje-Vrystaat 1000 en Natal 2500 - dan besef ons dat die staatsondersteunde skoolstelsel van Burgers nie 'n alte groot sukses was nie.[4]

c. Die Anneksasietydperk.

(i) Dr. J. Vacy Lyle as superintendent.

Op 21 Maart 1878 het W. J. van Gorkom, die Superintendent van Onderwys wat deur president Burgers aangestel is, sy dokumente, ens. aan dr. J. Vacy Lyle, die persoonlike lyfarts van sir Theophilus Shepstone, oorhandig.[5]

Hoewel hy nie vir so 'n pos gekwalifiseer was nie, het hy nogtans met die gegewens wat tot sy beskikking was, getrag om die onderwysbelange so goed moontlik te behartig. Voortbouende op die rapport van

1) Lugtenburg, Gesk. van die Ond. in die S.A.R., 110.
2) Ibid, 115.
3) Bot, Die Ontw. van Ond. in Tvl., 10.
4) Lugtenburg, Gesk. van die Ond. in die S.A.R., 107.
5) Ibid, 119.

1873, maak hy die volgende aanbevelings:[1]

1. Die normale inrigting sal die ondersteunde skool wees, en staatskole sal alleen opgerig word waar dit noodsaaklik is.

2. In Pretoria en Potchefstroom moet aan die bestaande skole 'n laer- of voorbereidende afdeling gevoeg word.

3. In hierdie twee dorpe moet skool-losieshuise opgerig word om kinders van elders te huisves.

4. Talentvolle, behoeftige kinders moet goewermentsondersteuning ontvang.

(ii) „Government Regulations regarding General Education in the Province of Transvaal - published 1880."[2]

In Wet 10 van 1880: „For regulating the mode of appropriating grants from the public revenue in aid of General Education" word daar uitvoering gegee aan die wenke van dr. Lyle in verband met losies-inrigtings. Artikel 18 bepaal dat alle bestuurders van skole wat hulp ontvang, soos dit in die regulasies bepaal word, en wat voorsiening maak vir die losies van leerlinge, 'n addisionele bedrag van £5 per maand sal ontvang. So 'n kosinrigting moet goedgekeur word deur die Superintendent-Generaal van Onderwys, en daar moet ten minste ses kosgangers wees voordat die hulptoelae aangevra kan word. Daar moet maandeliks 'n opgawe van die name en ouderdomme van die kosgangers aan die Superintendent gestuur word. Dit moet betalende kosgangers wees en die Superintendent moet tevrede wees dat behoorlike slaapsale daargestel is.

Volgens Artikel 19 sou kosgangers tel vir die vereiste gemiddelde maandelikse inskrywing waarop

1) Verslag van Lyle, gepubliseer in die Transvaalse Gouvernements Courant, ged. 7 November 1879.
2) Argief - Dokument soos hierbo aangedui.

die hulptoelae aan die skool gebaseer is.

Hierdie wet sou in werking tree vanaf 1 Julie 1880. Op die 3de Augustus is die Konvensie van Pretoria egter onderteken en op die 8ste is die land weer aan sy oorspronklike besitters teruggegee,[1] sodat van die uitvoering van Wet 10 van 1880 nie veel gekom het nie.

## 2. Koshuise word in die lewe geroep: Die tydperk 1882-1899.

### a. Grondslag gelê en die moontlikheid geskep vir die oprigting van koshuise - Ds. S. J. du Toit as Superintendent.

Ds. S. J. du Toit het op 13 Maart 1882 werksaamhede aanvaar. Volgens 'n verslag wat hy op 4 Mei aan die Volksraad voorgelees het, was daar by sy indiensteding maar drie skole, naamlik dié in Potchefstroom, Utrecht en Zeerust wat onder die goewerment geressorteer het met 'n totale inskrywing van 149 leerlinge.[2] Daar dien egter op gelet te word dat ds. Bosman op 27 Oktober 1881 ook aanvraag gedoen het vir die Prospect Seminarie, waar die medium slegs Engels was. In hierdie skool het die toestand egter nie baie langer so voortgeduur nie, want op die 28ste November is op die algemene vergadering van die Ned. Herv. Kerk, (onder wie se toesig die skool gestaan het) wat te Heidelberg gehou is, die volgende besluite geneem:[3]

1. Die Hollandse taal sal heeltemal op die voorgrond in die skool geplaas word.

2. Die skool sal verander word in 'n seuns- en meisieskosskool.

3. Dat die naam van die skool verander word tot

---

1) Lugtenburg, Gesk. van die Ond. in die S.A.R., 129.
2) E.V.R. Notule, onder datum 4 Mei 1882.
3) Notulen der Algemene Kerkvergadering der N. H. Kerk, gehouden in Heidelberg 28 Nov. 1881, 21 - 22.

Ebenhaëzerskool en onder die bestuur van 'n kerklike kommissie, benoem deur die Algemene Vergadering, sou staan.

Hierdie skool sou later een van die eerste koshuise onder staatstoesig word.

Waar die eerste koshuise verbonde was aan die inrigtings vir middelbare en hoëronderwys is dit wenslik dat op hierdie stadium die ontstaan en groei van hierdie inrigtings onder Du Toit kortliks aangestip word. Die Opleidingskool - die naam wat hierdie eerste inrigting vir hoër onderwys gedra het - is aan die begin van 1883 geopen in 'n paar kamers wat gehuur is van die Ebenhaëzerskool, wat onder leiding van die heer W. Louis, voorheen hoof van die Goewermentskool te Potchefstroom gestaan het.[1] Daar word egter spoedig gevoel dat aan hoër onderwys min gedoen sou kon word, alvorens die grondslag daarvoor nie eers gelê is nie. Aan die einde van 1885 was die inskrywing dan ook maar slegs 20, en is daar slegs gewone laerskoolwerk gedoen.

Gedurende die Eerste Vryheidsoorlog is daar in Holland heelwat geld ten behoewe van die Republiek ingesamel en die regering het besluit om die fondse aan onderwys te bestee. 'n Groot gedeelte is gebruik vir die aankoop van die Ebenhaëzerskool en daar is 'n Voorbereidendeskool by die Opleidingskool gestig, twee inrigtings wat later een geword het. Met behulp van die „Nederlandsch Zuid Afrikaansche Vereniging" is die dienste van onderwysers verkry en is daar ook studiebeurse aan leerlinge van genoemde skool beskikbaar gestel. Die Volksraad het reeds die moontlikheid bespreek om oor te gaan tot die stigting van 'n eie universiteit en die opleidingskool word

---

1) Lugtenburg, Gesk. van die Ond. in die S.A.R. 1836 - 1900, 162 - 170.

al byvoorbaat die Gimnasium genoem - die naam waaronder die Nederlandse inrigting vir hoër onderwys bekend gestaan het. In hierdie skool was daar in 1889 reeds 173 leerlinge en het drie van die leerlinge dié jaar in die eersteklas onderwyserseksamen geslaag.

Waar die Gimnasium hoofsaaklik voorsiening gemaak het vir seuns, het daar nog 'n groot leemte bestaan vir die onderrig van meisies. Ook hier het daar verbetering ingetree met die stigting van 'n meisieskool onder leiding van mej. Van Pommeren, vroeër van die Eunice Instituut vir meisies te Bloemfontein. Die skool is op 2 Oktober 1884 geopen en is in drie dele verdeel: 'n kindergarten, 'n laer- en 'n höer afdeling. Aan die einde van 1888 was die inskrywing omtrent dieselfde as die van die Gimnasium, maar daarna het dit verminder.

As ons die provinsie as 'n geheel neem, vind ons 'n geweldige uitbreiding tydens die ampstermyn van ds. Du Toit. Waar daar in 1881 slegs nege skole onder toesig van die Superintendent gestaan het met 'n totale inskrywing van 206 leerlinge, het dit in 1882 reeds aangegroei tot 43 skole met 872 leerlinge en in 1890 tot 300 skole met 7000 leerlinge.[1)] Dit was voorwaar 'n merkwaardige uitbreiding.

b. <u>Koshuise word 'n werklikheid onder dr. N. Mansvelt.</u>

(i) <u>Eerste stappe gedoen ter verkryging van kosinrigtings.</u>

In al die vertakkings van onderwys het dr. Mansvelt 'n konstruktiewe beleid gevoer en daar was geen tydperk in die Republiek se onderwysgeskiedenis waarin meer tot stand gebring is nie.[2)]

---

1) Bot, Ontw. van Ond. in Tvl. 1836 - 1951, 16.
2) Ibid, 20.

Op aandrang van die Volksraad is 'n nuwe onderwyswet opgestel, Wet 8 van 1892. Hierin word · onder meer voorsiening gemaak vir twee suiwer staatsinrigtings: die Staatsgimnasium, wat op 15 Augustus 1892 deur Sy Hoogedele, Staatspresident S. J. P. Kruger geopen is, en die Staatsmodelskool wat 'n meer praktiese en uitgebreide voortsetting van die ou Opleiding- en Voorbereidingskool sou wees. Die meisieskool sou 'n staatsondersteunde skool bly.[1] Die Superintendent het egter gou besef dat om tred te hou met die uitbreiding van die skole, asook met die vordering van onderwys op die platteland, dit nodig was om sekere aanbevelings te doen.[2] Daar word by reeds bestaande fasiliteite aangevul, waarop die volgende aanbevelings volg:

1. Om die probleem van 'n tekort aan onderwysers (esse) uit die weg te ruim, word 20 beurse vir behoeftige leerlinge by die Modelskool, Staatsgimnasium en „Hoogere School voor Meisjes" aanbeveel. Dit sou dan nodig wees om 'n tehuis tot stand te bring waar sulke kwekelinge onder behoorlike toesig gehuisves kon word. Die huis verbonde aan die Ebenhaezerskool is reeds deur die regering aangekoop en kan vir die doel gebruik word.

2. Geboue op die platteland: Daar word aanbeveel dat twee-derdes van die koste van 'n gebou deur die regering gedra sal word. Dit sou ook geld vir onderwyserswonings, mits die geskik is en ingerig kan word vir behoorlike huisvesting van kosgangers. Ook sal die veldkornet en inspekteur van onderwys aanbevelings maak insake die geskiktheid van die lokaliteit waar die gebou(e) opgerig moet word.

3. Die Modelskool en Hoërskool vir Meisies moet in 'n kosskool omgeskep word; 'n inrigting waarin

---
1) Lugtenburg, Gesk. van Ond. in die S.A.R., 183.
2) Schoolgids van 1893, 12.

dogters opgevoed kon word in die gees wat vir ons onafhanklikheid so noodsaaklik was.

Nadat 'n versoek van die Superintendent deur die Uitvoerende Raad[1)] bespreek is, beveel hulle by die regering[2)] aan dat daar vir die rektor of leraar van die Gimnasium 'n huis gebou of gehuur word en dat hy belas word met die toesig op die huisvesting van die „jonge lieden" wat van buite Pretoria kom om hul opleiding aan die Gimnasium te ontvang. Dis van die grootste belang vir die toekoms van die staat dat die seuns van die land nie alleen in dié inrigting 'n deeglike opvoeding in nasionale gees moet ontvang nie, maar dat ook gesorg moet word vir 'n huislike opvoeding in Christelik-nasionale gees. By die stigting van die hoër inrigting vir onderwys moet geen koste ontsien word om volle vertroue by die burgers van die land te skep nie. Ook word 'n soortgelyke woning vir die hoof van die Modelskool aanbeveel.

Die Raad het op hierdie stadium gevoel dat dinge nog te veel in die lug hang. Wat sou die losiesgeld wees? Wie moet dit bepaal? Sal daar dan 'n monopolie vir huisvesting geskep word? Hierteen was president Kruger geheel en al gekant. Die Superintendent spreek die mening uit dat dit nie die regering se plig beskou word om die rektor van 'n huis te voorsien nie, maar wel om 'n inrigting tot stand te bring waar kinders 'n Christelike opleiding sal kan geniet en waarheen ouers vrymoedig aanbeveel kan word om hulle kinders te stuur. Die huisvesting moet onder behoorlike toesig staan, by voorkeur onder die rektor of die hoof van die Modelskool.

Die algemene gevoel was egter dat die

1) Minute U.R. besluit Art. 364, d.d. 8 Julie 1893.
2) E.V. Notule, Art. 650, d.d. 12 Julie 1893.

„huis"-voorstel net in die finansiële voordeel van die rektor val. Hy het reeds genoeg ontvang. 'n Ander inrigting, suiwer vir kosgangers, sal verkiesliker wees. Daar word besluit[1] om voorlopig twee wonings te huur en in die volgende sitting nog voorstelle voor te lê in verband met kosinrigtings, waarna dan verdere besluite geneem kan word.

Op 7 Augustus[2] het die Uitvoerende Raad die konsepreëls, „Regulasies betreffende die vrye wonings," met sekere wysigings by die regering aanbeveel. Hiervolgens sou die regering van die Z.A.R. aan die rektor (of dosent) van die Gimnasium en die hoof van die Modelskool vry wonings op die volgende voorwaardes verskaf:

Hulle moet leerlinge van genoemde inrigtings, indien die ouers dit verlang, huisves en behoorlik voed. Ook as plaasvervangers van die ouers sal hulle toesig hou oor die gedrag en studie van die leerlinge wat aan hulle sorg toevertrou word. Van hulle (die leerlinge se) kant moet hulle hulself aan die hoof se gesag onderwerp en hom die nodige eerbied betoon. Wasgoed en kleinere herstelling van klere is by die losiesgeld ingesluit. Die losiesgeld sal £12 - 10s. per kwartaal wees en is vooruitbetaalbaar. Die Departement van Onderwys word belas met invordering van skool- en losiesgelde en indien ouers versuim om hul pligte hierin getrou na te kom, kan verdere toelating geweier word en 'n regsgeding vir agterstallige geld ingestel word. Gedurende lang vakansies sal koshuise gesluit word. Die Curatorium is met oppertoesig belas.

Daar is egter baie besware geopper. Niks word van die Christelike opvoeding gepraat nie. Wie bepaal die regte van die kosgangers? Ook word daar te min

1) E.V. Notule, Art. 651.
2) Ibid, Art. 1015.

van die hoof se verpligtinge bepaal.

Die onderwyser is nie altyd 'n goeie huisvader nie. Die Superintendent antwoord hierop dat dit die ouer vry staan om eie losies te soek, maar dat hy nogtans oortuig is dat dit in belang van die inrigtings is dat van staatsweë voorsiening vir 'n koshuis vir die leerlinge, wat aan die inrigtings verbonde is, gemaak moet word.

Op hierdie stadium was die regering egter nie ten gunste daarvan om die voorstelle te aanvaar nie, en daar word besluit om slegs voorlopig 'n woning tot aan die einde van Augustus te verskaf.[1] Nieteenstaande die aanbevelings wat deur die kommissie van 1873 en deur ds. Bosman in 1880 in verband met die noodsaaklikheid van kosinrigings gemaak is, bly die Volksraad nog daarteen gekant.

(ii) Ontwikkeling van kosinrigtings in Pretoria:

Nadat die regering die noodsaaklikheid van inrigtings vir middelbare onderwys en huisvesting vir plattelandse leerlinge wat die inrigtings sou besoek, verdere oorweging geskenk het, het hulle tot ander insigte gekom sodat die Superintendent in sy verslag van 1894[2] die stigting van 'n Staatstehuis vir Jongens en 'n Staatsmeisieskool met kosinrigtings daaraan verbonde, kon aankondig. Die vroeëre Eben-haëzerskool, wat tydelik huisvesting gebied het vir 'n gedeelte van die Staatsmodelskool, is in 'n tehuis vir kosleerlinge omgeskep.[3] Baie veranderinge moes aangebring word, maar gedurende die laaste paar maande van 1894 is 'n aantal leerlinge van die Gimnasium en Modelskool reeds daar gehuisves.

Vroeg in 1895 was die inskrywing reeds 54 leerlinge in bogenoemde skole en aansoeke uit alle

---

1) E.V.R. Notule, Art. 1015. 2) Schoolgids 1894.
3) Eerste Volksraad Notule; Art. 1619 van 1894.

dele van die republiek het nog steeds ingestroom. Gebrek aan ruimte het die aanbou van 'n nuwe vleuel genoodsaak, maar selfs hierdie stap kon nog nie aan die vereistes voldoen nie. Daar word ook gewag gemaak van die feit dat leerlinge wat voorheen na die buiteland sou gaan vir gevorderde studie, nou daarheen kom. Ook is daar in 1893 gehoor gegee aan die aanbeveling van dr. Mansvelt in verband met beurse. Aan 20 leerlinge is in Januarie 1895 beurse toegeken en hulle word gehuisves in die staatstehuis en kosinrigtings van die Staatsmeisieskool.

Aan die einde van 1895 kon daar gerapporteer word dat die meisieskosinrigting en die „tehuis voor jongens" groot en gunstige bekendheid deur die ganse land verwerf het. In die Staatstehuis, waarvan die heer R. D. Collins huisvader was, het baie kinders van buite Pretoria as kosgangers 'n deeglike opvoeding geniet. In die Staats-Meisjes School, wat spesiaal in die lewe geroep is om die dogters van die land 'n passende, gevorderde opvoeding te gee, is deeglike werk gedoen. Dit kan veral toegeskryf word aan die bekwame leiding van mej. A. E. Adriani, wat haar goed van haar taak gekwyt het. Die getal leerlinge het tot oor die 300 aangegroei en in die koshuis was reeds 85 meisies uit alle dele van Transvaal.[1)]

Tabel 1.

Geldelike Tekorte vir Staatstehuise in die Z.A.R.

| | Totale tekort. | Aantal Kosgangers. | Gemid. tekort per kosganger. |
|---|---|---|---|
| (a) Seuns: | | | |
| 1895 | £ 666-17-6 | 59 | £ 11- 6- 1 |
| 1896 | 1370-12-8 | 80 | 17- 2- 8 |
| 1897 | 2217- 7-9 | 159 | 13-18-11 |
| 1898 | 2743-12-4 | 158 | 17- 7- 4 |
| (b) Meisies: | | | |
| 1895 | £ 274-18-7 | 31 | £ 8-17- 4 |
| 1896 | 596- 7-6 | - | - 2) |
| 1897 | 625-12-9 | 65 | 9-12- 2 |
| 1898 | 1100-19-0 | 58 | 18-19- 7. |

1) Schoolgids van 1895.
2) Vir 1896 word die aantal kosgangers nie aangegee nie.

Met die finansiële sy van die kosinrigtings het dit egter minder goed gegaan. Soos dit blyk uit Tabel 1 het nie een van die koshuise in die jare 1895 - 1898[1)] daarin geslaag om binne die perke van hulle inkomste te bly nie. Hulle kon selfs nie eers die koste van voeding, wasgoed en bediendes dek nie. Die feit dat die seunstehuise heelwat groter tekorte getoon het as dié van die meisieskool, moet daaraan toegeskryf word dat aan huisvaders salarisse betaal is. In 1895 het dit 'n bedrag van £350 beloop; in 1896, £560 - 17 - 4. En toe daar 'n tweede tehuis geopen is - „Rus in Urbe," vroeër die woonhuis van Jan Celliers - wat onder die huisvaderskap van die heer Olland gestaan het, was dit in 1897, £655 - 0 - 4 en in 1898, £683 - 1? - 6d.

In 1898 het die Meisiestehuis blykbaar ernstige moeilikhede ondervind om agterstallige losiesgeld in te vorder, en hulle was verplig om reëls op te stel vir die invordering daarvan. Dit verklaar dan ook waarom daar so 'n groot tekort vir dié jaar was.

Hier dien net verder in die verband gemeld te word dat dr. Lugtenburg[2)] 'n foutiewe weergawe gee van die tekorte vir 1897 deurdat hy die bedrae wat aan meubels bestee is vir die onderskeie inrigtings ook in berekening gebring het en sodoende op 'n gemiddelde tekort van £18 - 12 - 2 en £25 - 16 - 6 vir seuns- en meisieskosgangers onderskeidelik te staan gekom het.

Wanbestuur was egter ook verantwoordelik vir sekere onreëlmatighede. Daar is dan ook in 1898 'n ondersoek gelas na die finansiële bestuur van die

---

1) Schoolgidse vir die bogenoemde jare asook rapporte van die Curatorium.
2) Lugtenburg, Gesk. van die Ond. in die S.A.R. 1836-1900, 240.

Tweede Staatstehuis toe die gemiddelde tekort £22 - 3 - 11d. per kosganger was, terwyl dit by die Eerste Tehuis slegs £11 - 18 - 8 beloop het.

(iii) Regulasies vir staatstehuise.1)

Die Curatorium, 'n komitee wat belas was met toesig oor die staatstehuise en waarvan die Superintendent van Onderwys as voorsitter opgetree het, is belas met die opstelling van regulasies en huishoudelike reëls vir hierdie inrigtings. Behalwe die regulasies waarvolgens die koshuise bestuur sou word, vind ons hier ook 'n uiteensetting van die beleid wat hier gehandhaaf sou word.

1. Vir leerlinge wat die Gimnasium en Modelskool besoek.

Hierdie inrigtings verskaf goeie huisvesting aan seuns wat bogenoemde inrigtings besoek. Huisvaders oefen ouerlike toesig uit en ontvang graag wenke van ouers. Die gees wat hulle in die inrigtings probeer handhaaf het, spreek uit Artikel 13 van die regulasies:

„Deze opvoeding zal, in aansluiting met de Protestants Christelijke overlevering des volks en onder aankweking van Christelijke eerbied voor de overheid, strekken tot het vorming van trouwe burgers van den Staat."

Die kosgelde,2) wat kwartaalliks vooruitbetaalbaar was, was £36 per jaar, plus £3 intreegeld wat betaalbaar is as 'n kosganger vir die eerste keer ingeskryf word. Bedde- en wasgoed was hierby ingesluit.

Hierna volg 'n hele reeks van die meer spesifieke bepalings:

Huisvaders en assistente van die Modelskool, of monitore - die stelsel is op 31 Julie 1895 op aanbeveling van die hoof deur die Curatorium

1) Schoolgids, 1895.
2) Goewt. Kennisgewing 431 van 1894.

goedgekeur[1] - hou toesig by studie en oor klere; herstelwerk sal op rekening van die ouer gedoen word. Die inrigtings sal gedurende die somervakansie gesluit wees, maar leerlinge sal toegelaat word om te bly teen 'n ekstra betaling. Daar moet drie maande vooruit kennis gegee word wanneer 'n leerling van plan is om die koshuis te verlaat.

In geval van siekte sal die nodige tuisverpleging verskaf word, maar ouers sal verantwoordelik gehou word vir apteek- en dokterskoste.

2. Staatmeisieskool.

Benewens die regulasies soos hierbo beskryf, word ook nog die volgende vermeld: Daar word voorsiening gemaak vir klavier-, sang-, orrel-, viool- en skilderlesse. Ook was dit opsioneel om 'n addisionele bedrag van vyftien sjielings per kwartaal te betaal vir mediese dienste, operasies uitgesluit, en kon 'n voorskot vir sakgeld aan die „Directrise" betaal word. By die benodigdhede word ook 'n Bybel en twee kerkboekies gevoeg. In die huishoudelike reëls word onder andere bepaal dat kosgangers al om die tweede Sondagmiddag toestemming kon verkry om vriende of kennisse te besoek; in twyfelagtige gevalle sou die beslissing by die bestuur berus.

Uit die notules van die Curatorium[2] blyk dit hoe die regulasies in die praktyk toegepas is, watter take hulle moes verrig en voor watter moeilikhede hulle te staan gekom het. So het agterstallige gelde reeds gou 'n wesenlike probleem geword en is daar op 3 Mei 1895 besluit dat die hoof agterstallige gelde vanaf Julie 1893 moet probeer invorder,

1) Notules - Curatorium: Staatsgimnasium en Modelskool, onder datum.
2) Ibid, onder datums 3 Mei 1895 tot 13 Julie 1899.

rekening houdende met wesenlike moeilikhede, en persone wat in die toekoms twee maande agterstallig is sal (na kennisgewing) nie weer toegelaat word nie.

Daar is noukeurige aandag bestee aan die keuse van huisvaders, van wie dit verwag is om in hulle applikasie heelwat persoonlike besonderhede te verstrek. Dit was blykbaar die reël om 'n egpaar as huisvader en matrone te benoem. Na die dood van mev. Collins is daar besluit om haar dogter as huishoudster teen 'n vergoeding van £10 per maand aan te stel. Huisvaders is eers na 'n baie deeglike ondersoek ontslaan.

'n Verskeidenheid aanbevelings is deur hulle gedoen. So het 'n skietvereniging vir die seuns[1) - hulle was van diensplig uitgesluit - onder leiding van 'n offisier wat deur die Curatorium goedgekeur is, tot stand gekom. Klavierlesse vir die Tweede Staatstehuis is ingestel en die wenslikheid van gereelde bywoning van Sondagskool- en Katkisasielesse is onder die aandag van die hoofde gebring. Alle tenders vir die lewering van lewensmiddele is ook deur die komitee behandel.

Huisvesting was 'n voortdurende probleem. Dit is al gou gevind dat dit as 'n reël moeilikheid oplewer om 'n woonhuis of skoolgebou in 'n koshuis om te skep, terwyl die byhuur van losstaande geboue as slaapsale ook nie baie bevredigend was nie. Die aanvraag na losies was groter as die beskikbare akkommodasie en daar is op 13 Julie 1899 besluit dat nuwe geboue opgerig moet word. Daar sou ten minste twee afsonderlike geboue opgerig moet word: Een vir die kleiner kinders sou bestaan uit twee rye van vier kamers elk, weerskante van 'n 6-voet gang. Elke kamer sal 16 voet by 10 voet wees en sal elk vier

---

1) Notules - Curatorium: Staatsgimnasium en Modelskool, onder datum 25 Maart 1896.

leerlinge huisves. In dieselfde gebou sou daar ook 'n studiesaal wees. Die gebou vir die groter leerlinge sou bestaan uit kamers wat sou dien vir slaap- sowel as studeerkamer en in elke vertrek sou twee tot vier kosgangers gehuisves word.

(iv) Die eerste beursregulasies:

In Wet No 14 van 1896[1] vind ons die voorwaardes waaronder beurse aan leerlinge toegeken sou word. Volgens Artikel 10 van dié Wet kon aan skoolbesture, wie se skole en onderwysers aan die eise van die wet voldoen, 'n driemaandelikse toelae van £3 tot £6 uitbetaal word ten behoewe van behoeftige leerlinge van hulle skool wat minstens 3 myl van enige gesubsideerde skool woon en vir wie in die nabyheid van so 'n skool behoorlike voorsiening vir kos, inwoning en verdere verpleging gemaak kon word.

Artikel 11 bepaal dat sodanige leerlinge die skool vir minstens 45 dae per kwartaal moet besoek, behalwe in gevalle van ernstige siekte waar die kommissie 'n voldoende bewys moet voorlê. Ouers van sodanige kinders moet hulle vooraf verbind dat leerlinge vir minstens ses maande die skool sal besoek. Bewyse van algehele of gedeeltelike onvermoë van die ouers om kosgeld te betaal, moet onderteken wees deur die landdros of veldkornet en drie kerkraadslede. Ook moet die ouers se verbintenis (Vorms O. 25 en O. 24) aangeheg wees as 'n eis ingedien word ter betaling van beurseise. Hierdie subsidie sou alleen betaal word indien die skool en die inrigting vir losies aan behoorlike eise voldoen.

Teen 'n gemiddeld van £15 per leerling is daar in 1898 aan ongeveer 3000 leerlinge beurse uitbetaal[2]

1) St. C. 12 Augustus 1896.
2) Tvl. and O.R.C., Pub. Ed. Report of Dir. of Ed. - Nov. 1900 to Febr. 1904, 68.

ten bedrae van £45,355 - 17 - 1d. uit 'n totale voorsiening van £226,418.[1] Terselfdertyd is 'n bedrag van £7,162 - 6s. betaal aan leerlinge (studente) wat hulle studies in Holland voortgesit het.

In 1899[2] is die volgende beurse toegeken aan kinders van genaturaliseerde en permanente burgers - nadat spesiale eksamens vir die doel afgelê is - deur die Beurskommissie wat spesiaal deur die Volksraad daartoe benoem is:

1. 46 van £60 per jaar vir kinders van verdienstelike ouers.

2. 50 van £60 per jaar vir opleiding van onderwysers(esse).

3. 15 van £60 elk vir leerlinge van die Gimnasium.

4. 2 van £60 en twee van £100 elk vir studente in Nederland.

Daar word jaarliks in nuusblaaie bekendgemaak hoeveel beurse beskikbaar is en onder watter voorwaardes dit verkry kon word.[3]

3. Samevatting:

Hoewel daar tydens die bestuur van die Z.A.R. slegs tot 'n geringe mate aandag geskenk is aan hierdie vertakking van onderwyssake, is die belangrikheid van koshuise tog wel deeglik besef. Die Trekkersgemeenskap het stadigaan meer georganiseerd en gevestig geraak met die gevolg dat die behoefte aan meer georganiseerde onderwys vir hulle kinders sterker aangevoel is.

In 'n dunbevolkte land was dit egter prakties onmoontlik om in alle gevalle die skool na die kind te bring en was die staat genoodsaak om deur middel van beurstoekennings die verafwonende ouers tegemoet

---

1) Malherbe, Education in South Africa, 278.
2) Staatsalmanak van die Z.A.R. 1899.
3) Gedenkboek V. V.O.O.Z.A., 100.

te kom. Hierdie beurse het kinders in staat gestel om binne bereik van die naaste skool te loseer, in die reël by privaat persone en dikwels by die onderwyser, sodat die term „koshuis" nog iets vreemds was op die platteland.

Met die daarstelling van inrigtings waar leerlinge middelbare onderwys kon geniet, het die posisie verander. Daar was slegs een sentrum waarheen die ouers, wat reeds die waarde van dié onderwys besef het, hulle kinders kon stuur, naamlik Pretoria. Gevolglik het dit noodsaaklik geword om vir hierdie kinders voorsiening te maak vir losiesgeriewe. Die inisiatief het van die staat uitgegaan en koshuise, verbonde aan die middelbare skole het tot stand gekom, wat in alle opsigte aan hulle doel beantwoord het en landswye vertroue by die bevolking geniet het. Van soveel belang is die koshuise geag dat die Direkteur van Onderwys voorsitter was van die Curatorium, die liggaam wat belas is met die interne administrasie van die inrigtings.

Regulasies vir die beheer van die koshuise is opgestel, en so deeglik was die beginsels wat hierin neergelê is, dat dit die grondslag gevorm het van die administrasie van koshuise wat na die Anglo-Boere-Oorlog as gevolg van privaat inisiatief opgerig is. Dat alles nie vlot verloop het in die beginstadium nie, soos blyk uit die groot geldelike tekorte wat sommige tehuise ondervind het, is verstaanbaar. Ondervinding moes eers leer wat 'n gesonde finansiële basis van beheer sou wees. Voordat die geleentheid daar was om konstruktief op die ervaring voort te bou en minder gesonde praktyke uit te skakel, het die oorlog 'n einde gemaak aan die kortstondige bestaan van die koshuise van die Z.A.R.

oOo